RAADSBELEID

ONDERWERP : BESKIKBAARSTELLING VAN MUNISIPALE PARKE VIR ANDER DOELEINDES AS VRYETYDSBESTEDING

VERWYSING : 17.6.2.1

BESLUIT NR : 12.7/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om Munisipale Parke se gebruiksaanwending, wat nie blote vryetydsbesteding is nie, so te orden dat dit nie tot nadeel van die park is nie.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken die behoefte van die gemeenskap om munisipale parke ook vir ander doeleindes as vryetydsbesteding aan te wend.

RIGLYNE

1. Die betrokke park se kapasiteit moet in oorweging geneem word by die goedkeuring van versoeke om gebruiksaanwending.

2. Daar moet verder onderskeid getref word tussen parke, met of sonder openbare ablusiegeriewe.

3. In die geval van parke met voldoende openbare ablusiegeriewe, kan die aanbieding van meerdaagse aktiwiteite goedgekeur word.

4. In die geval van die normale woonbuurtparke kan aktiwiteite met ‘n tydsduur van korter as een dag toegelaat word vir die volgende instellings:

   4.1 Staatsinstellings.

   4.2 Munisipale Raad.

   4.3 Liefdadigheids-, godsdienstige-, opvoedkundige-, kulturele- of landboukundige verenigings of organisasies.

   4.4 Instellings van ‘n openbare aard waar winste tot voordeel van die gemeenskap aangewend word.

PROSEDURE

1. Die betrokke instansie doen aansoek by die Parke en Rekreasie afdeling vir die moontlike aanwending van ‘n park.

2. Indien die park beskikbaar is, word dit toegeken.

3. Groter aanwendings soos die Kalahari Kuierfees word na Rosepark (Feesterrein) verwys.

ROLLE
Die Subdirektoraat : Siviele Ingenieursdienste se Parke en Rekreasieafdeling.

VERWANTE BELEID
Tariefbundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.